

22 April

Skrifgedeelte: Ester 2 (NAV)

Fokusgedeelte: Ester 2:17

Die Here het 'n doel met elke mens

Baie keer verstaan ons nie die lewe nie, ons kry dinge nie uitgeredeneer nie. Soms laat dit 'n mens vra na jou doel in die lewe en waarom sekere dinge gebeur. Ons moet altyd God se almag en sy beheer oor alles wat gebeur in die wêreld en in ons lewens onthou.

Dink jou in Ester se omstandighede in. 'n Weeskind in ballingskap, 'n Joodse jong meisie in Persië. Nou word sy gekies om deel te wees van 'n groep meisies waaruit die koning vir hom 'n koningin gaan kies. In die jaar se skoonheidsbehandeling kry sy ekstra aandag. Haar skoonheid is opvallend. Haar afkoms word nie bekendgemaak nie. Dit sou eers op die kritieke moment, wanneer dit direk invloed het op die verloop van die gebeure, aan die lig kom dat sy van Joodse afkoms is.

Wanneer sy vir die koning gewys word, gee haar skoonheid en eienskappe die deurslag in haar guns. “Die koning het meer van Ester gehou as van enigeen van die ander vrouens en hy was meer in sy skik met haar as met enige van die ander jongmeisies. Hy het toe die kroon op haar kop gesit en haar koningin gemaak in die plek van Vasti.” So beskik die Here in Ester se lewe dat sy koningin in Persië word. Sodat sy later 'n besondere rol in die oorlewing van die Joodse volk sou speel. So het die Here 'n doel met die mooi, jong weeskind gehad.

So het die Here 'n doel met elke mens op die aarde. Soms voel jy nutteloos en leeg, maar juis dan moet jy daaraan dink dat die Here jou wil gebruik in sy diens. Elkeen het 'n doel, hoe groot of klein, elkeen se doel verskil. Jou doel lê in kindwees van die Here. Daarom het Hy jou gekoop met die bloed van Jesus Christus.

Om nou aan jou doel te beantwoord, moet jy vra na die wil van die Here in sy Woord. In sy woord leer Hy jou wat Hy van jou verwag om uit dankbaarheid in die lewe te doen tot sy eer en tot die beste van jou naaste.

En as daar swaar tye in jou lewe kom, weet, die Here het sy doel en Hy sal jou daardeur dra en dit ten beste laat werk. Mag die Here deur die Heilige Gees jou vandag weer krag gee om aan jou doel te beantwoord.

Sing: Psalm 73:1(Totius)

Ds LM Kruger (Uitenhage)